SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter

37/2019

16/09/2019

Die SAOU doelgerig vorentoe!

Dit is vir die demokraties verkose leierskap van die SAOU aangenaam om spesifiek twee belangrike aspekte onder lede se aandag te bring:

VALS GERUGTE VAN ONDERSOEKE TEEN SAOU

Die afgelope jaar was daar verskeie gerugte versprei dat die senior leierskap van die SAOU hulle skuldig sou gemaak het aan korrupsie, bedrog, oneerlikheid en wanbestuur van die sake van die SAOU. Hierdie bewerings is deur die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) geweeg, en te lig bevind.

Daar is reeds teen die einde van 2018 'n besluit deur 'n senior advokaat verbonde aan die NVG geneem dat geen vervolging van watter aard ookal teen die senior leierskap of enige individu, ingestel sal word nie. Die kwaadwillige bewerings is dus van alle waarheid ontbloot.

Dit is 'n verdere bewys dat die deurtastende forensiese ondersoek wat verlede jaar deur Regter Hartzenberg gedoen is, geloofwaardig en in alle opsigte betroubaar is.

Die leierskap van die SAOU beskou hierdie ongelukkige episode van verdagmakery as afgehandel en fokus opnuut op die uitbreiding van die invloedsfeer van die SAOU en die beskerming van lede se belange.

SAOU GRONDWET: GOEDKEURING VAN WYSIGINGS

Die Registrateur van Vakbonde by die Departement van Arbeid het op Vrydag 13 September 2019 die voorgestelde wysigings aan die SAOU Grondwet goedgekeur.

Die resultaat daarvan is dat die demokratiese verkiesing van leiers, wat binnekort sal plaasvind,

The SAOU purposefully ahead!

The democratically elected leadership of the SAOU wishes to draw the attention of members to the following two important matters:

FALSE RUMOURS OF INVESTIGATIONS AGAINST THE SAOU

During the past year there were several rumours that the senior leadership of the SAOU were guilty of corruption, fraud, dishonesty and mismanagement. These rumours were considered by the National Prosecuting Authority (NPA) and rejected as baseless.

This decision was already taken at the end of 2018 by a senior advocate of the NPA, i.e. that no prosecution whatsoever will be taken against the senior leadership or any individual. These malicious rumours is therefore devoid of any truth.

This is further proof that the rigorous forensic investigation under the guidance of Judge Hartzenberg was credible and in all instances reliable.

The leadership of the SAOU regards this unfortunate episode of casting suspicions as finalised and will now focus anew on the extension of the SAOU's sphere of influence and the protection of the rights of members.

SAOU CONSTITUTION: APPROVAL OF AMENDMENTS

The Registrar of Trade Unions at the Department of Labour approved the proposed amendments to the SAOU Constitution.

The effect hereof is that the democratic election of leaders will now be able to be conducted in terms of the amended provisions to ensure the improved representation of members. The leadership

ooreenkomstig die nuwe grondwet sal geskied wat beter verteenwoordiging en inspraak in die bestuur van die sake van die SAOU tot gevolg sal hê. Die leierskap doen 'n beroep op u om aktief deel te neem aan hierdie proses en leiers te nomineer en te verkies wat u belange op die hart sal dra.	therefore implores that members must actively participate in the process of the nomination of the most appropriate leaders and their election onto the various decision making structures.